**Tema:** God se geskenk aan die wêreld
**Skriflesing:** Lukas 1:26-38

Jesus Christus is God se geskenk aan almal. In Lukas word die boodskap van Jesus se geboorte aan ‘n doodgewone verliefde en verloofde vrou gebring. Dit is ongewoon. Ons sien in Matteus dat die geboorte van Jesus aan Josef bekend gemaak word. Dit is soos die hoort. So ‘n belangrike aankondiging moet aan ‘n man gemaak word.
Om dit aan ‘n vrou te bring is teen die gebruike van die tyd. ‘n Vrou moes huis hou en kosmaak en sorg vir die nageslag. Wat dit nog erger maak, was die feit dat Maria jonk en armwas. Volgens die opvatting van die tyd was sy nie geskik om deur God gebruik te word vir enige noemenswaardige taak nie.

Asof dit nie erg genoeg is nie, bring die engel die boodskap in Nasaret in Galilea, die dorp waar Maria gewoon en Jesus grootgeword het. Galilea het die Jode aanstoot gegee vanweë die gemengde, onrein bevolking. Hulle was oortuig dat uit Galilea niks goed kan kom nie. Ons lees in Johannes 1:46 dat Natanael vir Filippus vra: “Kan daar uit Nasaret iets goeds kom?”

Dit is duidelik dat aan die begin en regdeur sy lewe, Jesus vir almal gekomhet. Hy kom vir man, vrou en kind, ryk en arm, kerkmense en heidene en tollenaars, verloste en verlore sondaars, al sy skape maar ook in besonder vir die verlore skaap. Hy kom vir jou en my en die mense daarbuite met geen behoefte om vanoggend in die erediens te wees nie.

Wanneer mense jou dalk in die dae alleen en verwaarloos laat voel, wanneer medegelowiges jou in die steek laat, God het jou nie vergeet nie. Hy het ‘n geskenk met jou naam op. Jesus Christus is God se geskenk aan alle mense.

Lukas help ons om opnuut te ontdek hoe Hy lyk en wie Hy is?
Hulle moet Hom die naam Jesus gee.
In Matteus 1 word Jesus se geboorte deur ‘n engel aan Josef, Maria se verloofde bekend gemaak. Ons lees in Matteus 1:21 “Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.”
Jesus beteken Hy wat ons van ons sonde kom verlos of red.
Ons word reeds in Jesaja 1:18 uitgenooi: “Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here:
Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol.” By die doop verseker Hy ons hiervan.

Jesus is ook die Seun van die Allerhoogste en die Seun van God.
Hy sal op die troon van sy voorvader Dawid sit. Aan sy Koningskap is daar geen einde nie. En ek en jy, verlos uit genade, deel in hierdie Koninkryk.

Hy is die Heilige. In 2 Korintiërs 5:21 staan daar: “Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.” Heilig beteken om sonder sonde te wees. Hy moes sondeloos wees om ons sonde op Hom te neem en in ons plek te sterf sodat ons kan leef!

Hy is God se wonderteken aan ons. Maria reageer met verwondering. Die geboorte is nie moontlik nie, want sy het nog nooit omgang met ‘n man gehad nie.

Die engel antwoord haar in Lukas 1:35a en 37:
35 "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek."
37 "Niks is vir God onmoontlik nie."

Ons moet nie al te maklik ons eie beperkings aan God stel nie. By God is alles moontlik. Die gedagte is redelik algemeen in die Bybel. Ons lees onder andere daarvan in Genesis 18:14; Job 42:2; Jeremia 32:27 en Sagaria 8:6.
In die gedeelte oor die ryk jong man vra die dissipels vir Jesus: "Wie kan gered word?" En dan lees ons in Matteus 19:26: "Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê: "Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik."

Die maagdelike geboorte is 'n reuse uitroepteken aan begin van die evangelie, sodat elke leser kan besef dat Hy die Seun van die Allerhoogste God is.

Mag ek en jy hierdie jaar opnuut weer in verwondering en verbystering hierby stilstaan. En mag ons dan, saam met Maria, ons in volkome geloofgehoorsaamheid aan God onderwerp.

Daar is baie mense wat Maria vandag vereer as 'n soort middelaar. Maar dit is nie wie sy is nie. Sy is 'n voorbeeld van geloof om na te volg. Geloof wat God toelaat om God te wees. Geloof wat jouself volkome aan Hom oorgee in die woorde: "Ek is tot U beskikking. Daar is vir my geen groter vreugde as dat U wil in en deur my geskied nie."

Kersfees gaan oor Jesus se koms na die aarde. En deel van God se wil is dat Hy steeds elke dag aarde toe moet kom. God gebruik gewone mense, soos Maria en soos my en jou om buitengewone take uit te voer. Deur my en jou woorde en dade moet Jesus steeds hoorbaar en sigbaar word.

Ek sluit af en ek maak, met groot respek, Lukas 1 op elkeen v ons van toepassing. Hoor dit asof die engel met jou praat: "Moenie bang wees nie. God bewys genade aan jou. Jy moet my Seun, Jesus Christus, hierdie Kerstyd weer aan mekaar en die wêreld bekendstel vir wie Hy is."

En my en jou logiese reaksie is: "Hoe is so iets moontlik?"

Die engel antwoord: "Die Heilige Gees sal oor jou kom en en die krag van die Allerhoogste sal in jou werk. Niks is vir God onmoontlik nie."

Kom ons meld dan almal weer, soos Maria in Lukas 1:38, aan vir diens: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het."
Amen